16.12 RAPPORT 7: DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – LESSENAAR NOORD- EN OOS-AFRIKA

Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Di HPM van Rhyn en CB Swanepoel.

1. Reformed Church of East Africa (RCEA)

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

1.1 *Opdrag*

Dat die bande van Ekumeniese eenheid gehandhaaf en uitgebou word.

1.2 *Uitvoering van opdrag*

Slegs e-pos kontak kon tot dusver weer met die kerke gemaak word.

Vir besluitneming

1.3 *Aanbeveling*

Dat kontak gemaak word en Ekumeniese eenheid gehandhaaf word. Dit is steeds sinvol om Ekumeniese eenheid te handhaaf, aangesien die GKSA steeds ‘n groot invloed kan uitoefen en hulp verleen met die oplei van predikante.

2. African Evangelical Presbyterian Churches (AEPC)

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

2.1 *Opdrag*

Dat die bande van Ekumeniese eenheid gehandhaaf en uitgebou word.

2.2 *Uitvoering van opdrag*

Daar is kontak gemaak en samesprekings gevoer op die ICRC vergadering in Cardiff.

Vir besluitneming

2.3 *Aanbeveling*

Dat die bande van Ekumeniese eenheid gehandhaaf en uitgebou word.

3. Sudanese Reformed Churches (SRC)

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

3.1 *Opdrag*

3.1.1 Die Sinode aanvaar die Sudanese Reformed Churches as ‘n Skrifgetroue Gereformeerde Kerk en gaan ekumeniese eenheid aan met hierdie kerke.

3.1.2 Ds Patrick Jok Ding word uitgenooi om die Algemene Sinode van die GKSA in Januarie by te woon.

3.2 *Uitvoering van opdrag*

Besoek is aan die kerke gebring in 2012. Die huidige nood a.g.v. die burgeroorlog is onder die aandag van ons kerke gebring

Vir besluitneming

3.3 *Aanbevelings*

3.3.1 Dat die eenheid gehandhaaf en uitgebou word.

3.3.2 Dat die nood a.g.v. die burgeroorlog voortdurend onder aandag van die kerke gebring word.

4. Ruanda

Ekumeniese kontak

Vir kennisname

4.1 *Opdrag*

"Die Deputate Ekumenisiteit Buitelands kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art 49." "Die uiteindelike eenheid van Gereformeerde Kerke moet as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping gesien word" (vgl Acta, 2009:162).

4.2 *Uitvoering van opdrag*

Kontak is gemaak met Biskop Gapira Jean Faustin, Christian Light Churches in Africa/Rwanda: fdrationprotestantrwand@yahoo.co.uk

Vir besluitneming

4.3 *Aanbeveling*

Dat kontak met die kerke gehandhaaf en uitgebou word.

5. Reformed Presbyterian Church in Africa (RPCA)

Vir kennisname

5.1 *Opdrag*

"Die Deputate Ekumenisiteit Buitelands kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art 49." "Die uiteindelike eenheid van Gereformeerde Kerke moet as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping gesien word" (vgl Acta, 2009:162).

5.2 *Uitvoering van opdrag*

5.2.1 Dr PJ Buys en ds HPM van Rhyn het die eerste Algemene Sinode van die Reformed Presbyterian Church in Africa (RPCA) in Mbale, Uganda bygewoon op 17 Augustus 2013. Die Deputate is vergesel deur dr G van Wyk wat namens Agrimico opgetree het.

5.2.2 Die RPCA is nog 'n jong kerk met ongeveer 14 gemeentes en 7 predikante waarvan die meeste 'n diploma ontvang het van die Knox TheologicalSeminary op Mbale. 7 van die gemeentes is in Uganda en daar is ook gemeentes in Kenia, Tanzanië en Rwanda wat deel is van hierdie kerkverband. Die kerke het die behoefte aan verder opleiding van huidige en voornemende predikante uitgespreek.

5.2.3 Ds Robert Mabongo (reformedrpca@yahoo.com) is as voorsitter van die Sinode is aangewys en ds Clifford Mwalye as skriba. (Ter wille van die kontakbesonderhede word die uitnodiging na die Sinode as bylae hierby aangeheg.)

5.2.4 Hoewel die Sinode mondelings te kenne gegee het dat hulle die Drie Formuliere van Eenheid aanvaar, blyk uit hulle amptelike stukke dat hulle die Westminster Confession, met die Larger en Shorter Catechisms aanvaar en hulle het 'n presbiteriale kerkregeringstelsel. Die Sinode het die begeerte uitgespreek om bande te smee wat tot kerklike eenheid kan lei.

Vir besluitneming

5.3 *Aanbeveling*

Dat Ekumeniese kontak onderhou word en dat die moontlikheid van verder ekumeniese bande ondersoek word.

Rapporteur: